Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

GRAAD 11

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2019

PUNTE : 120
TYD : 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

AFDELING A	Kyk- en Leesbegrip	VRAAG 1	30 punte
AFDELING B	Opsomming	VRAAG 2	10 punte
AFDELING C	Taal	VRAAG 3 – 5	40 punte
AFDELING D	Letterkunde (Eie vrae)	VRAAG 6	40 punte

2. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

3. Trek ’n streep na elke afdeling.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

'n Klein stukkie paradys in Langa

1. Mnr. Ntsikelelo Gum (43) was nog altyd baie lief vir die natuur en hy het plante en ou emmers versamel sodat hy sy eie stukkie paradys by sy huis kon skep.

2. Ondanks sy gemeenskap se aanvanklike twyfel dat dit kán gebeur, het 'n man van Langa ses jaar gelede vir hom 'n tuin aangelê. En vandeesweek is sy harde werk beloon toe hy aangewys is as kategoriewenner in die landwye Garden of Pride-kompetisie.

3. Nóú inspireer hy sy bure wat eens op 'n tyd so 'n pes aan sy komposmakery gehad het. "Almal was teen die idee dat ek 'n tuin skep, maar nou dat die tuin aan die ontwikkel is, stel almal daarin belang."

4. Gum, wat voorheen werkloos was, het onlangs sy eie tuindienste-onderneming in Langa begin en help nou ook sy bure om hul erwe te verfraai. "Dit is moeilik om in die township te werk, want hier is nie baie tuine en werk nie. Ek is 'n opkomende entrepreneur wat nog sukkel met dinge soos kwotasies, maar het my onderneming darem al gaan registreer," het hy gesê.

5. Gum sê as hy moet kies, is die bloulelie (die agapant) sy gunstelingblom. "Ek is mal oor inheemse plante en werk glad nie met vreemde plante nie."

6. Gum het in 2017 ook aan die Garden of Pride-kompetisie deelgeneem, maar daar was toe nog nie 'n township-kategorie nie. "Ek moes met die gevestigde, groot tuine in Constantia en sulke plekke meeding. Die beoordelaars het toe my potensiaal raakgesien en 'n kategorie vir township-tuine geskep."

7. Deel van Gum se prys is 'n reis na Engeland – sy eerste oorsese reis – waar hy die beroemde Chelsea-blommeskou sal besoek.

8. "Dit is 'n goeie geleentheid, en ek is baie opgewonde, maar dit is ook 'n uitdaging. Ek sal my vaardighede kan ten toon stel en met die beste in die wêreld meeding. As ek my eie stalletjie gehad het ... Sjoe, ek sou kreatief gewees het ..."

9. Volgens 'n verklaring deur die beoordelaars is Gum se tuin "uitsonderlik". "Hy het op skeppende wyse gebruik gemaak van ou emmers en blikke wat mooi

geverf is as blompotte, uitheemse bome afgekap om tuinmeubels van te maak en weggegooide plante op vullishope gered. Sodoende het hy 'n buitengewone vlak van verbeelding getoon en terselfdertyd sy liefde vir plante uitgeleef."

[Aangepas uit *Die Burger*, 31 Maart 2018]

LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Volgens die opskrif is ‘n paradys ‘n (aaklige/aangename) plek om in te woon. (1)

1.2 Hoe oud is mnr. Gum? (1)

1.3 Waarvoor was Gum baie lief volgens paragraaf 1? (1)

1.4 In watter woongebied bly Gum? (1)

1.5 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat aandui dat Gum se gemeenskap nie geglo het in sy werk nie. (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.6 E.

Die woorde “tuin aanlê” beteken om ‘n tuin …

A te bemes.
B uit te meet.
C te begin.
D water te gee. (1)

1.7 Hoe is Gum se werk beloon in die Garden of Pride- kompetisie volgens paragraaf 2? (1)

1.8 Waarvoor dink jy word kompos gebruik? (1)

1.9 Verduidelik waarom die stelling hieronder ONWAAR is. Paragraaf 3.

Al die mense het hom van die begin af ondersteun om tuin te maak. (1)

1.10 Haal ‘n gedeelte van ‘n sin uit paragraaf 3 aan wat wys dat sy bure hul siening verander het. (1)

1.11 Skryf EEN woord uit paragraaf 4 neer wat aandui dat Gum nie voorheen ‘n werk gehad het nie. (1)

1.12 Watter soort besigheid het Gum nou? (1)

1.13 Verduidelik waarom die stelling hieronder ONWAAR is. Paragraaf 4.

Meneer Gum help nie graag sy bure met hul tuine nie. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.14) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.14 E.

Die woord entrepreneur in paragraaf 4 beteken iemand wat 'n …

A nuwe idee begin.
B ou besigheid se kwotasies doen.
C besigheid registreer.
D tuin se inhoud waardeer. (1)

1.15 Van watter soort blom hou Gum die meeste? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord inheems beteken eie (aan jou land/aan die oorsese lande). (1)

1.17 Waarvoor het die kompetisie nie voorsiening gemaak in 2017 nie? (paragraaf 6) (1)

1.18 Waarom, dink jy was die tuine in Constantia in 2017 beter kandidate om die kompetisie te wen? (1)

1.19 Na watter land sou Gum gaan as deel van sy prys? (1)

1.20 Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om te wys dat Gum nog nie oorsee was nie? (Paragraaf 7) (1)

1.21 Skryf EEN woord uit paragraaf 9 neer wat die beoordelaars gebruik om Gum se tuin te beskryf. (1)

1.22 Wat het Gum gebruik as blompotte?

Noem TWEE. (2)

1.23 Hoe dink jy kan 'n mens weggegooide plante (paragraaf 9) red? (1)

[24]

VISUELE TEKS: GIFTIGE PLANTE IN JOU TUIN

Teks B:

Bestudeer die tabel en die teks en beantwoord die vrae wat volg.

Naam	Foto	Beskrywing	Giftige plantdeel	Simptome
Varkoor/Aronskelk		Wit lelieagtige plant	Stele	Keel swel toe
Selonsroos/ Oleander		Groen struike met wit of pienk blomme	Blomme en houtagtige dele	Hoofpyn en erge diaree
Sering		Groot bome met roomkleurige bessies	Bessies	Irritasie van die spysverterings-kanaal Erge stuiptrekkings
Wolfsboontjie/ Lupien		Groen plante met wit, geel, pers blomme	Peule	Koeie se kalwers word misvormd gebore
Olieboom		Groen breëblaar onkruid met wit blomme en stekelrige sade	Pitte	Ernstige maag- en slymvliesont-steking wat kan lei tot die dood.

1.24 Noem die naam van die wit lelieagtige blom waarvan die stele uiters giftig is. (1)

1.25 Watter deel van die seringboom veroorsaak stuiptrekkings en irritasie van die spysverteringskanaal? (1)

1.26 Gee ‘n ander naam wat ook gebruik word vir die wolfsboontjie. (1)

1.27 Wat gebeur met koeie wat te veel sade van die Wolfsboontjie vreet? (1)

1.28 Watter woord dui aan dat die olieboom nie ‘n plant is wat jy in jou tuin sal plant nie. (1)

1.30 Het jy enige iets uit hierdie statistiek oor giftige plante geleer? Verduidelik. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Teks C: Voordele van die gebruik van suurlemoensap.

- Som die **voordele van die gebruik van suurlemoensap** in sewe volsinne op**.**
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Voordele van die gebruik van suurlemoensap

1. Die sap van die suurlemoen is trots maar suur. Dit het vele gebruike. Die suurlemoensap is die belangrikste bestanddeel van limonade!

2. Bedek 'n oopgevlekte snoek met suurlemoensap voordat jy dit op 'n oop vuur braai. Suurlemoensap maak rou en gaar vis smaakliker.

3. Gooi suurlemoensap by jou Coca-Cola. 'n Paar druppels suurlemoensap gee dit 'n ander karakter. Die suurlemoensap laat jou drankie lekkerder smaak.

4. Meng 'n paar druppels suurlemoensap en 'n bietjie gemmer in 'n glas warm water. Drink dit voor ontbyt. Dit sal jou bloedsuikervlak normaliseer. Drink dit ook nadat jy soetgoed geëet het.

5. As jou vel baie droog is, kan jy 'n paar druppels suurlemoensap by 'n teelepel amandelolie voeg. Smeer die mengsel aan jou vel. Die suurlemoensap maak jou vel vogtiger.

6. Voel jy soms dat jou hare nie skoon genoeg lyk nadat jy dit gewas het nie? Sit 'n teelepel suurlemoensap by die water wanneer jy jou hare afspoel. Dit maak jou hare skitterblink.

7. Koperpotte word soms dof en swart. Suurlemoensap kan wonderwerke verrig. As jy 'n bietjie suurlemoensap aan die koperpotte vryf sal dit pragtig blink.

[Verwerk uit: Die Beeld, 2018]

Totaal Afdeling B: [10]

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 3: Advertensie

Teks D

Lees en bestudeer die advertensie (Teks D) hieronder en beantwoord die vrae.

LEPELLÊ VAKANSIEOORD

Ontspan met die gedruis van die Spekboomrivier in jou ore.

Netjiese, (3.5) (goedkoop) rivieroord!
Die (3.6) seun kan visvang.
Jy kan voëlkyk, staptogte doen, inheemse fauna en flora sien en op wildbesigtigingsritte gaan.

Geen fietse en motorfietse word toegelaat nie.

(3.7) Lê lekker langs die swembad!
Hier kan jy Afrika se asemrowende sonsondergange bewonder.

Dis 'n (3.8) (pragtig) vakansieoord.

(3.9) Jy sal jou vakansie geneet.

Tel. en faks: 013 231 8068/013 231 7228
Sel: 082 290 7317/072 142 5211

[Aangepas uit Weg, April 2018]

3.1 Hoe word die OPSKRIF van die advertensie beklemtoon? (1)

3.2 Skryf 'n woord uit die advertensie neer wat wys op die geluid van die water. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord in die raampie.

Wat noem ons die leesteken wat gebruik word in die woord: lê?

deelteken;	kappie;	aandagstreep

(1)

3.4 Die volgende stelling is WAAR.

Die adverteerder gebruik **manipulerende taal** in die eerste sin om die leser te oortuig om die vakansie-oord te gebruik.

Skryf 'n voorbeeld van MANIPULERENDE TAAL uit die eerste sin neer. (1)

3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.

Netjiese, goedkoop rivieroord. (1)

3.6 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Die seun kan visvang. (1)

3.7 Kies die korrekte antwoord tussen die hakies.

Die leesteken aan die einde van die sin is 'n (vraagteken/uitroepteken).

Lê lekker langs die swembad! (1)

3.8 Gee die regte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Dis 'n (pragtig) vakansie-oord. (1)

3.9 Verbeter die SPELFOUT in die advertensie.

Skryf slegs die vraagnommer (3.9) en die woord met die korrekte spelling neer.

Jy sal jou vakansie geneet. (1)

3.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.10) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.10 E.

Die doel van die advertensie is om …

A jou te oortuig om op dié plek vakansie te hou.
B te wys waar die meeste mense met vakansie gaan.
C te sê jy mag in die swembad swem.
D jou te leer hoe om vis te vang. (1)

[10]

Vraag 4: STROKIESPRENT

TEKS D

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebasseer.



[www.google images]

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.1 E.

Shrek se woorde in raampie 1 is in 'n dinkborrel omdat …

A. hy sukkel om te praat.
B. dit nie sy eie woorde is nie.
C. hy dit dink en nie hardop sê nie.
D. hy bang is vir Donkie. (1)

4.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Shrek se gesiguitdrukking in raampie 1 wys vir ons dat hy (kwaad) is vir Donkie. (1)

4.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

In raampie 2 lyk Donkie baie (nie gelukkig), omdat Shrek kwaad is vir hom. (1)

4.4 Kies die korrekte antwoord uit díe tussen hakies.

Donkie behoort nie die sonneblomme (om te/te) verniel nie. (1)

4.5 Die woord Donkie bestaan uit twee lettergrepe. Don-kie.

Verdeel nou die woord <u>blomme</u> in raampie 3 in LETTERGREPE. (1)

4.6 Vorm ‘n SAMESTELLING van die woorde in die hakies.

Donkie is ‘n regte (blom+vreter) (1)

4.7 Skryf die sin hieronder oor in die LYDENDE VORM.

Shrek tel die donkie op.

Begin so: Die donkie word deur … (1)

4.8 Kies die KORREKTE woord uit díe tussen hakies.

In raampie 4 is Shrek en (die / ‘n) donkie weer vriende. (1)

4.9 Skryf die getal in die sin hieronder as ‘n woord.

Donkie het ten minste 10 van Shrek se sonneblomme gevreet. (1)

4.10 Kies die KORREKTE woord uit díe tussen hakies.

In raampie 4 is Shrek en die donkie (wat/wie) sy blomme gevreet het groot maats. (1)

[10]

Vraag 5

Teks F: Leesteks

Lees die teks (Teks F) hieronder en beantwoord die vrae.

Ons wonderlike plante

Baie plante het blomme. Die blomme is baie belangrik vir die (5.1) (plant). (5.2) Die blomme maak stuifmeel om sade te maak. (sodat) Nuwe plante kan groei. Die (5.3) (saadjie) versprei daarna op verskillende maniere, (5.4) (bv.) deur wind, water, insekte en (5.5) (voëls). Dit verseker dat die plant voortbestaan. Luise en torre is (5.6) (vriende) van plante. Hulle (5.7) (vreet/freet) die blare.

Ons (5.8) (ken/weet) dat die plante stingels, wortels en blare het. Baie ander plante het blomme, sade en vrugte. (5.9) Party plante verloor hul blare. Mense bestudeer plante deur na die plant te kyk en dit wat (5.10) (sy/hulle) sien te vergelyk. Jy kan verskillende strukture vergelyk deur te kyk (5.11) _____ hul grootte, kleur en vorm.

(5.12) ‘n plantkundige word ‘n botanis genoem. Blomme (5.13) (al word lank) bewonder. Dit bring skoonheid na die menslikeomgewing. Hulle is die onderwerp van romanse, rituele en godsdiens, en word gebruik vir medisyne en kos.
(5.14) Medisyne is duur.

[Verwerk uit: Wikipedie, die vrye ensiklopedie]

5.1 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord.

Die blomme is baie belangrik vir die <u>plant</u>. (1)

5.2 Verbind die sinne hieronder deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.

Die blomme maak stuifmeel om sade te maak. (sodat) Nuwe plante kan groei. (1)

5.3 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Die <u>saadjie</u> versprei daarna op verskillende maniere … (1)

5.4 Skryf die onderstreepte AFKORTING in die sin hieronder volledig uit.

… <u>bv.</u> deur wind, water, insekte … (1)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 5.5 E.

Watter skrifteken word in die woord “voëls” gebruik?

A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)

5.6 Skryf die TEENOORGESTELDE van die onderstreepte woord.

Luise en torre is <u>vriende</u> van plante. (1)

5.7 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Hulle (vreet/freet) die blare. (1)

5.8 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Ons (ken/weet) dat die plante stingels, wortels en blare het. (1)

5.9 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Party plante verloor hul blare. (1)

5.10 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen die hakies.

Mense bestudeer plante deur na die plant te kyk en dit wat (sy/hulle) sien te vergelyk. (1)

5.11 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul.

Jy kan verskillende strukture vergelyk deur te kyk ____ hul grootte, kleur en vorm. (1)

5.12 Skryf die woord neer wat met ‘n HOOFLETTER geskryf moet word.

‘n plantkundige word ‘n botanis genoem. (1)

5.13 Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Blomme (al) (word) (lank) bewonder. (1)

5.14 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Medisyne is duur. (1)

[14]

TEKS G

[www.google images]

Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies.

5.2.1 Die bome staan (voor/agter) die muur. (1)

5.2.2 Die seun spuit die plante met die (tynslang/tuinslang) nat. (1)

5.2.3 Hy moet vir die blomme water gee (om te/te) groei. (1)

5.2.4 Die mense in (die/'n) tuin lyk gelukkig. (1)

5.2.5 Die blomme is (klein/kleiner) as die bome. (1)

5.2.6 Die spreekwoord lui: Buig die boompie solank dit nog (jonk/oud) is. (1)

[6]
20

Totaal Afdeling C: 40

Afdeling D: Letterkunde (eie vrae)